Noordelike Sinode

VOLHOUBARE BEDIENING

(Riglyne by aansoeke vir Bedieningshulp)

Verslag

1 Werkswyse

1.1 Die Taakspan het op 8 Augustus 2023 met die volgende lede gekonstitueer:

Rinus Wassermann	Kerk-in-Suid	Teenwoordig
Willem Pelser	Koedoeskop	Teenwoordig
Frans de Beer	Springbokvlakte	Verskoning
Johan Haasbroek	Midde-Afrika	Teenwoordig
Dewald Roux	Vorentoe	Teenwoordig
Louis Pretorius	Naboomspruit	Teenwoordig
Peet Venter	Pietpotgietersrust	Teenwoordig
Nicole Forrest-Hamman	Waterkloofrif	Teenwoordig
Hannes Peens	Marken	Teenwoordig
Dawie Rotteveel	Pretoria-Tuine	Verskoning
Carl Louwrens	Emeritus & Brugleraar	Teenwoordig
Paul Grobler	Ampshalwe	Teenwoordig
Malan Nel	Taakspanleier	Teenwoordig
Rehan Rheeder	Noordelike Sinode	Teenwoordig

1.2 By hierdie vergadering:

- Het Paul Grobler inligting oor die opdrag en versoek van die SDR deurgegee;
- Het Malan Nel uit die literatuur enkele opmerkings oor die karaktertrekke van volhoubare gemeentes gemaak;
- Is goeie bespreking gevoer oor die huidige beleid en werkswyse wanneer gemeentes om hulp uit die Bedieningsfonds aansoek doen;
- Is aandag gegee aan die behoefte van die Sinode om binne die verstaan van die verband as ‘n familie seker te maak dat die verband in lewensvatbare en volhoubare bediening in gemeentes belê;
- Is vier opdragte aan “onsself” gegee:
  - ⇒ **Proforma van ‘n gesonde roepingsbewuste gemeente:**
    Carl Louwrens – sameroeper
    Nicole, Hannes, Willem
  - ⇒ **Proses van ‘n diagnose vir die aansoek vir hulp:**
    Rinus Wassermann– sameroeper
    Peet, Louis, Johan
  - ⇒ **Karakter van gemeentes waarvoor geld en hulp gegee word:**
    Rehan Rheeder & Paul Grobler
  - ⇒ **Kreatiewe Kommunikasie oor bevindings vir die toekoms:**
    Dewald Roux

1.3 By ‘n volgende vergadering op 24 Oktober 2023 is verslag gedoen oor die eerste drie verslae hierbo genoem. Verdere goeie bespreking oor onder andere die verskille in die konteks van gemeentes is gevoer. Wyer konsensus is bereik oor sake in die verslae van Carl Louwrens (met die byvoegings van Malan Nel tot hierdie verslag) en Rinus Wassermann. Opdrag is aan Rinus Wasserman, Carl Louwrens en Malan Nel gegee om die twee verslae tot een te verwerk en as ons verslag aan die SDR voor te berei. Hulle poging is in Januarie 2024 aan al die lede gesirkuleer vir evaluering en verbetering. Hierdie verslag dien namens die Taakgroep.

2 Uitgangspunte waaroor ons konsensus het

2.1 Die bedieningsfonds is krities belangrik en sal seker net toeneem in belangrikheid namate gemeentes se situasies nog meer uitdagend word;
2.2 Hoewel die Sinode ter wille van gemeentes daar is en sover moontlik behoort te help, is die vraag na die volhoubaarheid ‘n ewe kritiese beginsel;
2.3 ‘n Eerlike en begrypende weg moet gevind word om gemeentes in die antwoord van die vraag na volhoubaarheid te help;
2.4 ‘n Billike ondersoek na die behoefte en volhoubaarheid van die gemeentes wat aansoek doen, behoort die Sinode te help om in sy familie verband verantwoordelike rentmeesters van die offergawes van gemeentes te bly.

3 Agtergrondsinligting

As agtergrond tot onderstaande word aangeheg:
3.1 **BELEID EN PROSEDURES: BYDRAES VIR GESAMENTLIKE WERK (BGW) EN BEDIENINGSONDERSTEUNING (Bylaag 1)**
3.2 BEDIENINGSONDERSTEUNING AAN GEMEENTES 2016-2017 2n 2021-2022 (Bylaag 2)
3.3 **Volhoubare bediening (Bylaag 3)**
(Proforma vir gesonde roepingbewuste gemeentes)

Sou die onderstaande goedgekeur word, het dit ‘n invloed op die beleid en bied die Taakgroep graag aan om, in samewerking met die Sinodale Kantoor, die beleid in ooreenstemming met die besluite te bring.

Wat hieronder volg is ‘n voorstel **om volhoubaarheid te ondersoek en word vir goedkeuring aan die SDR voorgelê – sien die aanbeveling aan die einde van die verslag.**

4 Waarna ‘n Ringskommissie en/of Taakspan van die Sinode kan/moet kyk?

Dit is waarskynlik ‘n gegewe dat die finansies die direkte oorsaak van aansoek om hulp is. Wat sou saam-weeg in die besluit oor hulpverlening?

In beginsel het elke gemeente ‘n toekoms. Vasgelopenheid (meer male as gevolg van finansies) bied die geleentheid om oor die aard en vorm van so ‘n toekoms na te dink. Ons neem aan dat hierdie nadenke in oorleg met die Ring en waar nodig ook die breër kerkverband plaasvind. Wat hier volg is enkele bakens in die gesprek oor toekomstige volhoubaarheid en die aard daarvan in watter vorm ook al, bv. as selfstandige gemeente, samewerking, eenwording met ‘n ander gemeente.

4.1 **Wat gaan hier aan?**

Om hierdie vraag te beantwoord kan ‘n kort vraelys ontwikkel word om net minstens die volgende te bepaal:

- Erediensbywoning:
- Aantal lidmate met:
    - Totaal
    - Ouderdomme
    - Manlik/vroulik
    - Tyd woonagtig in die gemeente
- Kerkraadslede – getal, mans/dames + ouderdomme
- Inkomstegleuwe van lidmate
- Watter bedieninge funksioneer in en deur die gemeente in die konteks byvoorbeeld
    - Onderlinge sorg
    - Jeugbediening
    - Missionale bediening in konteks
- Hoe gebeur die pastorale versorging van die gemeente
- Aantal en gereeldheid van eredienste
- Wie lei die eredienste

4.2 **Waarom gaan dit hier aan?**

Paar paragrawe oor die “waarom” deur die Kerkraad voorberei.

Sou uit bogenoemde (4.1 en 4.2) blyk dat die Sinode behoort te help, word voorgestel dat:

4.2.1 Die Sinode finansiële ondersteuning oorweeg, maar dat daar met die gemeente, in oorleg met die Ring, in gesprek getree word om dringend aandag aan 4.3 en 4.4 hieronder te gee;

4.2.2 Dat die Sinode dit ernstig oorweeg om in gevalle waar volhoubaarheid ‘n vraagteken is, dit ‘n voorwaarde vir verdere hulpverlening te maak – onder andere om die redes vir verantwoordelike rentmeesterskap binne kerkverband.

4.3 **Wat behoort hier aan te gaan?**

Vrae wat hier ter sake is die bakens vir gesonde gemeentes – of: die gesonde dieet van gesonde gemeentes.

4.3.1 Lidmate (nie net lede van die kerkraad nie) word opgelei/toegerus vir:

- ⇒ Deelname aan die erediens;
- ⇒ Pastorale en onderlinge versorging van mekaar;
- ⇒ Deelname aan die *didache* in en van die gemeente;
- ⇒ Diensgetuienis in die konteks en gemeenskap;
- ⇒ Leiding en administrasie in en van die gemeente.

4.3.2 Bogenoemde behoort te gebeur en waar dit nie gebeur nie, is langtermyn bediening nie volhoubaar nie. Dit is hierdie kritiese saak wat die vraag na die bediening van ‘n opgeleide teoloog (leraar) ter sprake bring.

4.3.3 Missionale gemeentes word soms kleiner in getalle, maar verdwyn nie. ‘n Peiling van ‘n gemeente se missionale bewussyn is nodig. Twee sake help met die peiling:

- ⇒ Watter persentasie sou 20% van die erediensgangers gee op die vraag:
  - Wat sal ons omgewing mis as hierdie gemeente môre ophou om te bestaan;

- ⇒ Watter persentasie sal 20% van die erediensgangers gee vir die kulturele intelligensie van die leiers:
  - *“Cultural intelligence (CQ) is ‘the capability to deal effectively with other people with whom the person does not share a common cultural background and understanding’.*
  - *CQ – it will hardly come naturally. ‘Culture is a group’s way of living, way of thinking, and way of behaving in the world, for which we need understanding and empathy to guide listeners toward Christian maturity’.*
  - *Cultural intelligence (CQ) resembles emotional intelligence (EQ), which measures one’s capacity for relational and interpersonal skills’.*
  - *Four stages proposed by Livermore to develop CQ. These stages are:*
    - *CQ Drive: What’s your motivation for engaging with the cultural dimensions of this project?*
    - *2. CQ Knowledge: What cultural differences will most influence this project?*
    - *3. CQ Strategy: How will you plan in light of the cultural differences?*
    - *4. CQ Action: How do you need to adapt your behavior to function effectively on this project?*
  - *Livermore in his ‘CQ Map’ had as one of the central dimensions of this development: ‘love: desire -----> ability’. We are ‘compelled’ by a desire to represent God in this culturally diverse world and to do so with cultural intelligence.”*

4.3.4 Die noodsaak van ‘n gemeente-diagnose: waar minstens 20% van die erediensgangers deelneem aan ‘n gemeente-diagnose en self onderskei hoe dit met die agt bedieninge in en van die gemeente gaan: erediens (liturgie en prediking); pastoraat; onderlinge verhoudings; onderrig/toerusting; diensgetuienis (marturia en diakonia); administrasie.

4.3.5 Die sinode neem leiding in die opleiding van persone wat in staat is om ‘n gemeente-diagnose in ‘n gemeente te lei. Sodanige opleiding is reeds deel van Excelsus se jaarlikse aanbiedings. Die opleiding van minstens een persoon in elke ring is aan te beveel - om so ‘n diagnose waar die gemeente self onderskei hoe dit gaan en wat behoort te gebeur, te begelei. Die ring waarbinne die gemeente ter sprake val, is inderdaad direk by so ‘n proses betrokke.

4.4 **Waarheen/wat gaan ons hieraan doen?**

4.4.1 Vanuit enige goeie diagnose vloei ‘n gemeentelike onderskeidingsproses oor die pad vorentoe. As 20% van die gereelde erediensbywoners saamdink, en die insette van soveel moontlik ander lidmate kry – na die bevindinge en keuses tydens ‘n gemeentediagnose – word in ‘n proses van onderskeiding keuses oor die pad vorentoe geneem. Dit sluit in:

- ◊ Dringende, soms “chirurgiese” ingrype in dit wat spoedig aandag moet kry;
- ◊ Nadenke en onderskeiding oor wat die kontekstuele bestaansdoel (missie) van die gemeente is (waarom wil ons hier wees en bly?);
- ◊ Voortgaande en doelbewuste word, wie ons reeds in Christus is. Dit sluit verandering in identiteit, missie, kultuur en ‘operational procedures” in;
- ◊ Transformerende leierskap met Kulturele Intelligensie.

Die sinode mag oorweeg om as deel van die normale aansoek vorm en in oorleg met die ring waar die gemeente wat aansoek doen, ressorteer, aan te dring op bogenoemde proses van ‘n toets vir volhoubaarheid.

5. Pad vorentoe

- Die SDR aanvaar as uitgangspunt:
  In beginsel het elke gemeente ‘n toekoms. Vasgelopenheid (meermale as gevolg van ‘n gebrek aan finansies) bied die geleentheid om oor die aard en vorm van so ‘n toekoms na te dink. Ons neem aan dat hierdie nadenke in oorleg met die ring en waar nodig ook die breër kerkverband plaasvind. Wat hier volg is enkele bakens in die gesprek oor toekomstige volhoubaarheid en die aard daarvan in watter vorm ook al, bv. as selfstandige gemeente, samewerking, eenwording met ‘n ander gemeente.

- Die ring doen ‘n deeglike evaluering van die volhoubaarheid van die bediening in die gemeente.

- Indien die ring oortuig is van die volhoubaarheid van die gemeente, oorweeg die ring hulp uit eie geledere aan die gemeente.

- Indien die ring nie die gemeente volledig of gedeeltelik finansieël kan ondersteun nie, doen die ring aansoek by die SDR.

- Die SDR se Taakspan vir Bedieningsondersteuning hanteer die aansoek ooreenkomstig die sinodale beleid.

Bronnelys:

Burger, C.W. 1995. *Gemeentes in transito.* Lux Verbi

Burger, C.W. 1999. *Gemeentes in die Kragveld van die Gees!* Lux Verbi

Callahan, Kennon L. 1983. *Twelve Keys to an effective church. Stategic Planning for Mission.* Harper and Row.

Callahan, Kennon L. 2000 *Small, Strong Congregations. Creating Strengths and Health for Your Congregation.* Jossey-Bass

Dick, D.R. 2007, *A Pathway to congregational wholeness.* Discipleship Resources.

Hendriks, H.J. 2004. *Studying Congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.

Nel, M. 2016. (Hersiene en opgedateerde druk). *Bediening in en van Missionale Gemeentes. Gemeentediagnose Die Werkboek.* Kitskopie.

Nel, M. 2015. *Identity-driven churches. Who are we and where are we going.* Wellington: Biblecor.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede.* Lux Verbi.BM

Niemandt, N. 2013. *Nuwe Leiers vir nuwe werklikhede.* Vereeniging: CUM.

Smith, T. 2014*. Raw Spirituality: The rhythms of the Jesus life*. InterVarsity Press